

Die skuld-ontploffing

Wêreldwye ekonomiese nuus: Augustus 2011

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB-ekonome

Skuld bly steeds 'n wêreldwye debat terwyl die VSA met wanbetaling flanker en Europa tot 'n verdere reddingsaksie instem om Griekland, Ierland en Portugal te help stabiliseer.

Die VSA staan voor die ergste skuldkrisis in sy geskiedenis

Terwyl hierdie nuusbrieff geskryf is, het die wêreld asem opgehou om te hoor of die Amerikaanse Kongres sou besluit om die land se skuldplafon met \$2.5 te verhoog.

Oor die afgelope paar jaar is die VSA se skuldplafon op 'n gereelde basis opwaarts aangepas. Die huidige skuldplafon, wat op \$14.3 triljoen staan, is op 16 Mei bereik. Die Amerikaanse regering kom op die oomblik sy finansiële verpligtinge na deur middel van 'n aantal rekeningkundige toertjies, onder andere die opskorting van beleggings in aftreefondse. Basies is die Amerikaanse regering se hantering van sy finansies niks beter as dié van die meeste skuldbelaaide huishoudings nie.

Weens hierdie skuldloop loop die VSA gevaar dat sy AAA kredietgradering afgegradeer kan word. Die land het nog altyd 'n AAA-gradering gehad, maar dit kan verander wanneer in ag geneem word dat Standard & Poor's (S&P) sy Amerikaanse AAA langtermyn- en A-1 korttermyn soewereine kredietgraderings op 'CreditWatch' geplaas het, wat negatiewe implikasies het. S&P gebruik 'CreditWatch' om 'n weselike waarskynlikheid aan te dui dat hy binne die volgende 90 dae 'n graderingstap gaan doen, of in reaksie op gebeure wat beduidende onsekerheid oor die kredietwaardigheid van 'n uitreiker aandui.

Volgens S&P is daar minstens 'n 50% kans dat hulle die langtermyngradering op die VSA binne die volgende 90 dae kan verlaag. Indien dit gebeur, kan die gradering met een of meer kerwe tot in die AA-kategorie daal.

EU gooi vir Griekeland reddingsboei

Intussen het die Europese Unie 'n verdere reddingspakket vir Griekeland bewerkstellig in 'n poging om die soewereine skuldkrisis in die euro-gebied te stabiliseer. Die pakket sluit die verlenging van die leentydperke en die verlaging van die rentekoerse van lenings in.

Die pakket, 'n geskatte €109 biljoen (R1.09 triljoen), behels 'n uitgebreide en ruim herstrukturering van Griekeland se skuld met die doel om die soewereine skuldkrisis in Griekeland, Ierland en Portugal te stabiliseer en om te verhinder dat die krisis op groter skaal na Italië en Spanje uitbrei. Die markte het gunstig gereageer op die aankondiging van die reddingspakket.

Die Griekse regering sal moet voortgaan om sy staatsfinansies te stabiliseer, wat die verhoging van belastinge en die besnoeiing van besteding sal beteken – maatreëls wat nie by sy burgers byval sal vind nie. Die ekonomie moet ook hervorm word, insluitende privatisering. Vir Griekeland lê daar 'n lang en moeilike pad voor, maar hopelik sal die huidige ondersteuningspakket 'n onmiddellike krisis afweer.

As deel van hierdie ooreenkoms het die EU sy toegewydheid tot die euro herbevestig, asook om te doen wat ook al mag nodig wees om die finansiële stabiliteit van die euro-gebied te verseker. Alle EU-lande het hulle daartoe verbind om hul begrotingstekorte teen 2013 tot 3% van die BBP te verklein.

In die res van die wêreld...

Duitsland verbasend sterk

Duitsland, die grootste ekonomie in die euro-gebied, het besonder goed gepresteer.

In kwartaal 1 van 2011 het Duitsland se BBP met 'n verstommende 6.1%q/q (verjaarlik) gegroei, wat breëbasis groei weerspieel. Vertroue-vlakke is besonder hoog, die werkloosheidskoers is 7% (die laagste vlak sedert daar in 1992 met herenigingstatistieke van indiensneming begin is), uitvoere het onlangs rekordhoogtes bereik en daar was 'n oplewing in belastinginkomste, wat 'n laer begrotingstekort en verminderde uitreiking van verbande tot gevolg gehad het.

Aan die negatiewe kant staan inflasie al vyf agtereenvolgende maande lank op bokant 2%.

China bewerkstellig 'n verlansaming

Ontwikkelende Asië, wat China en Indië insluit, het voortgegaan om die ander streke van die wêreld oortuigend in die skadu te stel met ekonomiese prestasie. China het 'n poging aangewend om 'n beheersde verlansaming van binnelandse ekonomiese bedrywigheid te bewerkstellig, deels met die doel om inflasie te klop, maar ook om prysontwikkelinge in die huismark te beheer.

China se rentekoerse het sedert Oktober 2010 in vyf stappe met 125 basispunte gestyg, wat die uitleenkoers op 6.56% te staan bring, en die depositokoers op 3.5%. Die regering se massiewe tweejaarlikse stimulus (\$586 biljoen)-program wat laat in 2008 aanvaar is, het ook ten einde geloop.

Gevolgtlik het die tempo van ekonomiese aktiwiteit geleidelik afgeneem in opvolging van die sterk vertoning in 2010. Uitvoere het hierdie jaar sover sterk gebly en stygende lone het gehelp om verbruik 'n hupstoot te gee, maar die oplewing in die eiendomsmark toon tekens van verligting en nywerheidsaktiwiteite het ook momentum verloor. Die Chinese ekonomie sal na verwagting steeds met 9% vir die jaar groei.

Sub-Sahara Afrika groei steeds

'n Aantal ander opkomende ekonomieë het ook 'n standhoudend sterk vertoning gehandhaaf, wat sub-Sahara Afrika insluit.

Gedurende 2010 het sub-Sahara Afrika met omtrent 5% gegroei en sal dit na verwagting in 2011 tot omtrent 5.5% uitbrei, en tot 5.9% in 2012. Daar is egter wye uiteenlopendheid in ekonomiese vertoning dwarsoor die streek. Hulpbronryke lande het 'n toenemende invloed van regstreekse buitelandse belegging gelok (insluitend 'n groter stroom van soewereine rykdomfondse) en daar is 'n hernieude fokus deur multi-nasionale om groter toegang tot Afrika te verkry, deur Suid-Afrika as die poort te gebruik.

Daar is steeds baie uitdagings, insluitend die volgende: verbeterde regering; die vermindering van armoede en werkloosheid; die versterking van openbare finansiële bestuur en die verbetering van die infrastruktuur. Die aanpak van hierdie kwessies sal die sleutel wees tot hoër lewenstandaarde, die verskuiwing na 'n hoër groeipaadjie en die lok van meer buitelandse beleggings.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie

kommunikasie, aanhangsels inklus, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.